Sondag **28 April**

**Skrifgedeelte: Levitikus 21:8; 22:31-33**

**Fokusgedeelte: Levitikus 21:8; 22:31-33**

**Die Here se heiligheid en verlossende genade spoor ons aan om volgens sy wil te leef**

Ons fokusverse is ingebed in bepalings rakende die priester wat die volk se offers aan die Here bring (21:1-9) sowel as die diere wat geoffer is (22:26-33). Priesters bring nie meer ons offers voor die Here nie. Die samevattende gevolgtrekkings wat in ons fokusverse gegee word, is egter in ons konteks ook op ons van toepassing. Die Here is heilig en het ons sy eiendom gemaak.

"Ek is die Here", so lees ons in 22:31, 33. Die Here het in 'n verbondsverhouding met sy volk getree en as die God van die verbond het Hy die gesag om voor te skryf op watter wyse ons wat aan Hom behoort Hom moet dien.

Die Here het sy getrouheid aan die verbond destyds bewys deur sy volk uit Egipte te laat trek met 'n tweeledige doel:

- om hulle God te wees (22:33);
- om hulle vir Hom te heilig – hulle eenkant te sit as sy eiendom (21:8; 22:32).

Hierdie verlossing en heiliging het die Here God tot 'n hoogtepunt gevoer deur in liefde sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes (1 Joh. 4:10). Ons is daartoe geroepe om 'n heilige priesterdom te wees wat geestelike offers bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is (1 Pet. 2:5; vgl. ook Rom. 12:1). Dit doen ons onder leiding van die Heilige Gees uit dankbaarheid vir wat die Here in en deur sy Seun vir ons gedoen het.

Wanneer die Here sy kind (soos die destydse priester) tot besondere diens roep, moet ons die roeping volgens sy voorskrifte in verantwoordelikheid aan Hom, die heilige God, vervul. Die gemeente waarbinne so een sy roeping vervul, moet hom daarom met agting behandel.

Die Here se heiligheid en verlossende genade spoor ons aan om volgens sy wil te leef.

*Sing: Psalm 116-1:7, 9*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (emeritus)*